Die Boekwurm

Vermo Technologies se Elektroniese Gids
vir Biologiese/Organiese boere

Uitgawe 8 - Oktober 2010

www.vermotechnologies.co.za

Terugvoer oor Resultate met Vermicast Plaasproewe

'n Inisiatief om die plaasaanwending van vermicast te verifieer is op die been gebring deur 'n groep boere. Die seisoen is verby, die oesdata het ingekom en die resultate lyk eenvoudig uitstekend.

Die plaasproewe sluit in die volgende:

1. Toets van vermicast op mielies as 'n suiwer toediening (0.5 ton/ha, 1.5 ton/ha en 3 ton/ha) en in kombinasie met chemiese kunsmis (0.5 ton/ha cast plus 150 kg 4:3:4 , 1.5. ton/ha cast plus 150 kg 4:3:4, 3 ton/ha cast plus 150 kg 4:3:4.
2. 'n Saadbehandelingstoets op mielies met vloeibare vermicast. Die toets en die kontrole is uitgevoer sonder enige chemiese kunsmis behandeling. Die doel van die toets was om slegs die effek van cast op ontkieming van saad te bepaal en die ontkiemingseffek te verifieer teen die opbrengs van die mielies.

Bg twee proewe is uitgevoer in samewerking met die LNR op Morgenzon, Ermelo. Mnr Marius van Rensburg was verandwoordelik vir die uitlê van die proewe asook die insameling en verwerking van proefdata.

3. 'n Verdere toets is uitgevoer op tamaties om die effek van vloeibare vermicast as 'n blaarbespuiting asook in kombinasie met chemiese kantbemesting te toets. Hierdie eksperiment is uitgevoer in samewerking met ZZ2 op Mokeetsi.

Die resultate is as volg:

1. Al die toetsblokke op die suiwer cast toedienings (0.5, 1.5 en 3 ton/ha) het 'n gemiddeld van 3-4 ton/ha gelewer. Die toetsblokke waar die cast in kombinasie met chemiese kunsmis op die mielies toegedien is het 'n gemiddeld van 5-6 ton/ha gelewer. Die cast/chemiese kombinasie het dus 'n 50% verbetering in mielie opbrengs





'n Relevante getuienis...

Rom 8:28 "En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is."

Die blanke boer in Suid Afrika leef in 'n politieke klimaat met uitsonderlike uitdagings wat oorkom moet word. Die grootste hiervan is grondkwessies asook swart ekonomiese bemagtiging. Dit gaan verseker 'n openbaring van wysheid en insig verg om hierdie uitdagings die hoof te bied en steeds 'n positiewe en geseënde bestaan as boer in hierdie wonderlike en mooi land van ons te handhaaf.

Graag wil ek my persoonlike getuienis deel wat dalk lig mag werp oor hoe om hierdie tipe uitdagings te benader. Eerstens wil ek noem dat ek nie hierdie getuienis sou kon gee as dit nie was dat Hy 'n persoonlike verhouding met Hom vir my moontlik gemaak het nie. Dit sou ook nie moontlik gewees het as ek nie genade gevind het om in volle oorgawe en geloof voor Hom te wandel nie.

Ek het die geleentheid gekry om op 'n projek te tender wat die rehabilitasie van 'n pyplyn in 'n sensitiewe wildreservaat behels het. Ek het grootgeword op 'n piesangplaas waar ons verhouding met ons arbeid tradisioneel geskoei was op 'n wantroue/vrees verhouding. Voordat ek met die projek begin het, het ek 'n hele oggend met 'n oud Rhodesiese boer spandeer, die ene Mnr Pug. Hy is tans die eienaar van Pugs landscaping wat hydroseeding doen op paduitgrawings. Pug is die enigste blanke in 'n besigheid met tussen 50 en 100 swartes waarvan die kapitaal toerusting ongeveer 13 miljoen rand beloop. Die mense wat vir hom werk hanteer projekte regoor die land asook in sommige van ons buurstate.

Die sleutel van Pug se suskes is menseverhouding. Hierdie is geskoei op die beginsels van vertroue en erkenning. Pug het die geheim ontdek om sy mense te kry dat hulle aan sy kant van die lyn veg. Pug is die enigste persoon wat nie plaasanvalle en rooftogte in sy spesifieke omgewing beleef het nie. In 'n dispuut met die departement van arbeid was dit sy eie mense wat die arrogante staatsamptenare van die plaas af weggejaag het en sy kant gevat het in die hantering van die dispuut. Hierdie sukses was vir my 'n inspirasie om 'n nuwe benadering tot arbeidsverhoudings te volg.

Met die aanstelling op my projek het ek 'n groep van twaalf mense van die straat af bymekaargemaak waarvan ek





Vervolg vanaf bl 1

gelewer teenoor die kontrole.
2. Die saadbehandelingstoets het ‘n 20% verbetering in oesopbrengs gelewer.
3. Die weeklikse blaarbespuitings op tamaties het 'n 15% vebetering in opbrengs gelewer teenoor die standaard ZZ2 chemiese praktyk. Die kombinasie van vloeibare cast met chemiese kantbemesting het misluk weens praktiese redes.
Die doel van proewe in die komende seisoen is om die optimale verhouding van vermicast tot chemiese bemesting vas te stel.

'n Proef waar die probiotiese effek van vermicast op varke getoets is het vir ons 'n baie insiggewende les geleer. Die cast was gedroog tot op 10% voginhoud voor toediening. Met die toediening was die normale antibiotika en bymiddels uit die varke se rantsoen onttrek. Die resultaat met die gedroogde cast was om die minste te sê, skokkend!
Die vrektes van varkies in die proef was meer as die van varkies in die kontrole. Die gevolgtrekking is dat cast sy reaktiwiteit in oplossing verloor sodra dit gedroog word tot onder die vlak waar dit spontaan in water oplos. Die gevolgtrekking was dat cast nie meer as 40-50% gedroog moet word voor aanwending in enige situasie nie. In gevalle waar cast as probiotiese agent op vee teen die regte voginhoud aangewend is, is 'n drastiese verskil in dieregesondheid asook die vrugbaarheid van diere waargeneem.
Herlie Booysen, 'n melkboer van Swellendam, het rooiwater en galsiekte uitgeskakel uit sy Jersey kudde. Vandat hy vermicast as 'n probiotika toedien het hy nog nie weer 'n geval van vrotpootjie op sy plaas gesien nie. Sy koeie se interkalfperiode het van 90 na 75 dae geval oor 'n periode van vyf maande en hy doseer gladnie meer sy klein kalwerjties vir parasiete vandat hy hierdie praktyk toepas nie.
Hendry du Preez van Ficksburg het gesukkel om die somatiese telling van sy Holstein kudde onder beheer te hou. Voordat hy vermicast toegedien het was 54% van sy koeie se telling onder 250. 'n Maand en 'n half na toediening van vermicast het die syfer opgeklim na 68%.
Hierdie is voorwaar ‘n bewys dat die ontdekkingstog na die volle waarde van vermicast nog maar pas begin het.



ZZ2 Tamatieproewe

Vervolg vanaf bl 1

niemand vantevore geken het nie. My eerste groot stap was om al die syfers op die projek aan my span bekend te maak. Met die wegspring het elkeen 'n 2% bonus in die totale projekwaarde ontvang. Hierdie insentief sou egter onmiddelik verval indien die span nie hul deel doen en die projek sodoende skade sou lei. Onmiddelik was die projek nie meer myne nie, maar ons almal s'n, gesamentlik. Die spanleier en die hele span was verandwoordelik vir die aan- of afstelling van spanlede indien hulle sou besluit dat iemand nie sy deel bring nie.
Almal was dus verandwoordelik om toe te sien dat almal betyds by die werk opdaag en dat toerusting nie breek of wegraak nie. Nuwe spanleiers sou gekies word vir opvolgprojekte. Hierdie het gemaak dat sommige van die mense met fantastiese inisiatiewe en voorstelle gekom het van hoe om die werk te doen en op sekere tegnieke te

Vervolg vanaf bl 2

verbeter. Hierdie het gemaak dat my verandwoordelikheids las op die projek met 80% verminder het en ek net twee keer per dag op site hoef te gekom het. Die hele span het 'n bonus van R5 per dag ontvang vir elke dag wat ons die projek vroeër sou aflewer as die ooreengekome tydperk van 15 dae. Ons het die projek klaargemaak in 8 dae waarvan die hele span die laaste twee dae letterlik met pik en graaf op site gehardloop het om die werk klaar te maak. Na aflewering was daar wel nie opvolg projekte nie, maar het die mense my vir vier maande na die tyd gepla dat ek moes hoor "Baas Willem, wanneer ons gaan weer project." Dit laat 'n mens met 'n gevoel van onstuitbaarheid en oorwinning. Hierdie bevestig Salomo se wyse woorde: Spr 22:1 "'n Naam is verkiesliker as groot rykdom, guns beter as silwer en as goud."

Die keuse is dus ons s'n. Ons kan kies om negatief te word oor al die eise en vereistes wat aan ons gestel word of ons kan kies om in 'n verhouding met Hom te leef waar sy wysheid, insig en genade in en deur ons werk. Ons sal met postitiewe energie en krag elke situasie benader. Hierdie sal verseker dat alles, ja alles vir ons in ons boerdery ten goede meewerk.

Ons sal as oorwinnaars uit die stryd tree in elke situasie tot die eer van Sy Naam. Mag Hy dit ook vir jou wat hierdie woorde lees moontlik maak. Loof Sy wonderlike Naam!